**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**HANDELSREG SG**

**FEB / MAR 2006** **TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

**INSTRUKSIES:**

- Vraag 1 is **verpligtend**.
- Beantwoord enige VYF vrae vanuit Vrae 2 tot 9.
- Moenie meer as SES vrae beantwoord nie. Indien jy meer beantwoord, sal slegs die eerste ses vrae nagesien word.
- Beplan die lengte van jou antwoorde volgens die puntetoekenning by elke vraag.
- Nommer elke vraag in oorstemming met die numeriekestelsel wat op die vraestel gebruik is.
- Maak asseblief seker dat jou antwoorde netjies en sistematies uiteengesit is.

## VRAAG 1
## VERPLIGTEND

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf die korrekte antwoord(e) langs die toepaslike vraagnommer neer.

1.1 Vennote neem normaalweg aktief deel aan die bestuur van die vennootskap en is ten volle, dit wil sê ________ en ________ aanspreeklik vir al die skulde van die vennootskap.

1.2 Die maatskappy is ? selfstandige draer van regte en pligte omdat dit oor _______ beskik.

1.3 Gaan ? vennoot sy volmag te buite en sluit ? ooreenkoms namens die vennootskap met ? derde party wat nie bewus was van hierdie beperking nie, sal die ________ gebind wees.

1.4 Indien die registrateur van maatskappye tevrede is dat aan al die vereistes voldoen is, sal die registrateur die _______ van die maatskappy in sy register inskrywe en ? sertifikaat van inlywing uitreik. Die maatskappy kom dus tot stand deurdat die registrateur op die ________ en _________ sertifiseer dat die maatskappy ingelyf is.

1.5 Volgens die Maatskappywet word slegs publieke maatskappye toegelaat om aandele in die ________ te adverteer.

1.6 Gedurende 1984 is ? ondernemingsvorm met regspersoonlikheid, naamlik die Beslote Korporasie onder Wet No. ________ van 1984 gewettig.

1.7 Die ________ dien as die grondwet van die Beslote Korporasie. Hierdie dokument moet in die voorgeskrewe vorm opgestel en onderteken word. (20)

Skryf neer of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Indien die antwoord ONWAAR is, maak die vetgedrukte deel van die stelling reg:

1.8 Indien die huurkontrak verstryk het en die huurder die eiendom persoonlik bly bewoon, word hy ? **plakker** genoem.

1.9 ? **Afslaer** is ? agent wat gemagtig is om goedere per openbare veiling te verkoop.

1.10 ? **Skriftelike magtiging** word vereis om geregtelike stappe in ? hof te doen.

1.11 Delegatus non potest delegare beteken dat **die agent mag ander persone aanstel om te doen wat hy onderneem het**. (10)

Pas die beskrywing in **Kolom B** by die korrekte terme wat in **Kolom A** gegee word. Skryf die nommer van elke term in **Kolom A** onder mekaar neer en daarnaas die ooreenstemmende letter uit **Kolom B**, byvoorbeeld 1.22 = P.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 1.12 Borgskap | A. Kruising beteken ? aanvulling op die voorkant van ? tjek |
| 1.13 Pande | B. Twee parallelle lyne oor die voorkant van ? tjek sonder enige woorde tussen die lyne |
| 1.14 Verrykingsretensieregte | C. Dit is ? vorm van persoonlike sekuriteit wat skuldeiser gebruik om hulself te beskerm teen slegte skulde |
| 1.15 Inkorporeringsregte | D. Vind plaas waar een of meer skuldeisers aansoek doen vir die sekwestrasie van die skuldenaar se boedel |
| 1.16 Vrywillige boedeloorgawe | E. Dikwels beskou as ? selfstandige testament in klein formaat |
| 1.17 Rehabilitasie | F. Dit is reg om besit van eiendom te behou totdat alle uitgawes wat bona fide aangegaan is, betaal is |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.18 | Vermoënsstaat | G. | Aansoek deur die skuldenaar self vir die sekwestrasie van sy eie boedel |
| 1.19 | Intestate erfreg | H. | Verpand deur middel van sessie |
| 1.20 | Geregtelike verbande | I. | ? Kontrak waar die persoon ? reg verkry op die roerende eiendom van ? ander persoon om sodoende ? verpligting te verseker |
| 1.21 | Algemene kruising | J. | Die beëindiging van insolvensie |
| | | K. | As ? persoon sonder ? testament sterf, vind erfopvolging volgens regsreëls plaas |
| | | L | Die balju van die hof lê beslag op die eiendom van ? skuldenaar in uitvoering van ? hofuitspraak |
| | | M. | ? Testament wat opgestel is deur twee of meer persone |
| | | N. | Neem die vorm aan van ? balansstaat en toon tekorte aan |

10x2=(20)
**[50]**

**VRAAG 5**
**TESTAMENTE / INSOLVENSIE**

2.1 Skryf neer of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Indien die antwoord ONWAAR is, korrigeer die vetgedrukte deel van die stelling.

2.1.1 ? Testament en ? **wederkerige testament** word as een en dieselfde ding beskou.

2.1.2 Onmiddellik na uitreiking van die **aanstellingsbrief** moet die eksekuteur al die goed, boeke of dokumente van die oorledene in sy bewaring neem.

2.1.3 As die **boedel solvent** is, word voortgegaan met die beplanning van likwidasie.

2.1.4 Regtens is alle persone van **14 jaar** of ouer, bevoeg om as getuie op te tree by die verlyding van ? testament.

2.1.5 ? **Gesamentlike testament** is ? testament wat deur twee of meer persone verly word; hulle hoef nie getroud te wees nie. (12)

2.2 Verduidelik **finale afsluiting** by die bereddering van ? bestorwe boedel. (10)

b.o.

2.3 Voltooi die volgende voorskrifte vir die opstel van ? geldige testament:

2.3.1 Sedert 1954 moet alle testamente _______ opgestel word.

2.3.2 Om enige onsekerheid en bedrog te voorkom, is dit die veiligste om dit te onderteken onmiddellik na die _____ _____ van die testament.

2.3.3 Die ________ getuies moet die testament ________ en teken.

2.3.4 Wanneer die erflater sy testament by wyse van ? _______ onderteken, moet ? _______ sertifiseer dat die betrokke testament wel dié van die erflater is. (6)

2.4 Sekwestrasie het die gevolg dat die insolvent van sy/haar boedel onteien word en dit onder die beheer van ? Meester geplaas word. Noem VYF bates wat nie deel vorm van ? insolvent se gesekwestreerde boedel nie. (10)

2.5 Omskryf die volgende terme:

2.5.1 Insolvensie (4)
2.5.2 Sekwestrasie (4)
2.5.3 Likwidasie (4)

**[50]**

**VRAAG 3**
**VENNOOTSKAPPE / PANDE EN VERBANDE**

3.1 Noem die soort vennoot in elk van die volgende gevalle:

3.1.1 Hierdie vennoot verloor sy beskerming as hy as gewone vennoot na buite optree, of as ? gewone vennoot voorgestel word.

3.1.2 Hierdie vennoot neem aktief deel aan die bestuur van die vennootskap.

3.1.3 Die vennote bepaal dat alles wat hulle gedurende die bestaan van die vennootskap mag bekom, as vennootskapseiendom beskou sal word.

3.1.4 Ingeval van insolvensie van die vennootskap is elke vennoot verplig om verdere bydrae uit hul private besittings by te dra.

3.1.5 Hierdie vennootskap ontstaan wanneer twee of meer persone ? vennootskap in die naam van slegs een van hulle aangaan.

3.1.6 Die vennoot stort net ? bepaalde bedrag in die vennootskap en is onder geen omstandighede vir ? bedrag groter as die bedrag van sy gestorte bedrag aanspreeklik nie. (6)

3.2 Verduidelik die behartiging van gemeenskaplike belange in ? vennootskap. (8)

3.3 Jy wil geld leen en bied aan die persoon van wie jy leen jou radio as pand, en ? verband op jou huis as ? verband. Sit kortliks uiteen die formaliteite waaraan voldoen moet word om so ?

3.3.1 pand en (8)
3.3.2 verband te bewerkstellig. (12)

3.4 Verduidelik die volgende konsepte / terme:

3.4.1 Geregtelike verbande (4)
3.4.2 Rente as ? spesiale klousule in ? verbandakte (4)

3.5 Verduidelik die volgende maniere vir die beëindiging van pande en verbande:

3.5.1 Skuldvermenging (2)
3.5.2 Verjaring (2)
3.5.3 Vernietiging van die beswaarde eiendom (2)
3.5.4 Beëindiging van die hoofskuld (2)
**[50]**

## VRAAG 4
## MAATSKAPPYWET

4.1 Die Maatskappywet, no. 61 van 1973 maak voorsiening vir die oprigting van verskillende soorte maatskappye. Noem die TWEE soorte maatskappye asook hoe die kapitaal verkry word. (4)

4.2 Verduidelik wat ingesluit word by die flotering (oprigting) van ? maatskappy. (8)

4.3 Verduidelik die volgende dokumente:

4.3.1 Akte van Oprigting (4)
4.3.2 Statuut (4)
4.3.3 Prospektus (4)

4.4 Verduidelik die gevolge van onware verklarings in die prospektus ten opsigte van siviele aanspreeklikheid. (8)

4.5 Bespreek die naam van die publieke maatskappy onder die volgende opskrifte:

4.5.1 Verklarende aantekeninge oor die naam (10)
4.5.2 Naamsverandering (4)

4.6 Noem die TWEE belangrikste vereistes waaraan ? maatskappy moet voldoen voordat ? sertifikaat van inlywing uitgereik word. (4)
**[50]**

## VRAAG 5
## HUUR EN VERHUUR VAN ONROERENDE EIENDOM

5.1 Verduidelik hoe die regte van die huurder deur die sekwestrasie van die verhuurder aangetas word. (6)

5.2 Noem DRIE regsmiddele wat ? huurder kan aanwend indien die verhuurder versuim om die nodige herstellings aan te bring. (6)

5.3 Skryf slegs die ontbrekende gedeeltes neer:

5.3.1 Die verhuurder moet die huurder vergoed vir skade gely as gevolg van gebreke in eiendom, bv. ? dak wat lek. Dit is egter ? vereiste dat die verhuurder ________.

5.3.2 Die _______ moet alle belastings wat deur die staat of plaaslike owerheid op die eiendom gehef word, self betaal tensy die partye uitdruklik ooreenkom dat die _______ dit sal betaal.

5.3.3 ? _______ is ? beding waarvolgens die verhuurder die reg verkry om die huurkontrak te beëindig indien die huurder versuim om sy huur op die vervaldatum te betaal.

5.3.4 In die geval van ? langtermyn-huurkontrak (10 jaar en langer), moet dit op _______ wees en dit moet _______ word.

5.3.5 ? Redelike huur is ? huur wat deur die _______ vasgestel word. (10)

5.4 Bespreek die stilswyende verpligting van die verhuurder om die huurder se reg om onder te verhuur, te erken onder die volgende hoofde:

5.4.1 Omskrywing van die term **onderverhuring** (4)
5.4.2 Voorwaardes by onderverhuring (4)
5.4.3 Oordrag van ? huurkontrak (4)

5.5 Skryf DRIE stilswyende pligte van die huurder neer. (6)

5.6 Noem in volsinne VYF redes vir die beëindiging van huurkontrakte. (10)
**[50]**

## VRAAG 6
## AGENTSKAP / VERHANDELBARE DOKUMENTE

6.1 Dui VIER maniere aan waarop ? ooreenkoms tussen ? prinsipaal en ? agent kan ontstaan. (4)

6.2 Bespreek die plig van **goeie trou** van die agent teenoor die prinsipaal. (10)

6.3 Bespreek **negotiorum gestor** onder die volgende opskrifte:

6.3.1 Omskrywing (4)
6.3.2 Vergoeding (4)
6.3.3 Een voorbeeld (2)

6.4 Bespreek die volgende plig van die prinsipaal, "betaling van beloofde vergoeding" aan die agent. (10)

6.5 Verduidelik kortliks TWEE soorte kruising van tjeks. (6)

6.6 Wat is die verhouding tussen die bankier en sy kliënt ten opsigte van tjeks? (10)
**[50]**

## VRAAG 7
## BESLOTE KORPORASIE / RETENSIEREG

7.1 Verduidelik die aanspreeklikheid van lede van ? Beslote Korporasie vir skuld teenoor derde partye. (10)

7.2 Skryf slegs die ontbrekende woord(e) neer langs die nommer van elke vraag.

7.2.1 Hierdie dokument _______ dien as die grondwet van die Beslote Korporasie.

7.2.2 ? Beslote Korporasie bestaan uit ? minimum van ______ en ? maksimum van _______ lede.

7.2.3 Die interne verhouding tussen lede en die Beslote Korporasie word in ? geskrewe _______ vervat. (6)

7.3 Verduidelik TWEE redes vir die ontbinding van ? Beslote Korporasie. (10)

7.4 Bespreek die rol van besit van retensieregte onder die volgende hoofde:

7.4.1 Die twee vereistes (6)

7.4.2 Twee gevalle wanneer die retensiehouer nie sy retensiereg verloor nie (4)

7.4.3 Uitoefening van beheer deur ? bou-aannemer (6)

7.5 Noem die soort retensiereg in elk van die volgende gevalle:

7.5.1 ? Boukontrakteur op die gebou wat hy/sy herstel of bou, vir die kontrakprys

7.5.2 Die sink van ? boorgat op ? plaas om water vir diere of eie gebruik te voorsien, sonder toestemming

7.5.3 Bewaring van bederfbare goedere wanneer die geadresseerde op ? verafgeleë plek woon en dit dus nie dadelik kan kom afhaal nie

7.5.4 ? Prokureur, advokaat het ? retensiereg op die dokumente deur hulle opgestel, vir hulle gelde en uitgawes (8)

**[50]**

## VRAAG 8
## BORGSKAP / VENNOOTSKAP / TESTAMENT

8.1 Verduidelik die geldigheid van ? **hoofskuld** by ? borgskapkontrak. (10)

8.2 Noem die DRIE voorregte wat volgens die gemene reg aan die borg verleen word. (6)

8.3 Dui VIER maniere aan waarop ? borgskapkontrak beëindig kan word. (8)

8.4 Elke vennoot het sekere regte teenoor sy medevennote. Noem VIER van die regte. (8)

8.5 Lys enige VYF maniere waarop ? vennootskapskontrak beëindig kan word. (10)

8.6 Verduidelik wie **nie** deur ? testament bevoordeel mag word nie. (6)

8.7 Noem TWEE metodes van herroeping van ? testament. (2)

**[50]**

## VRAAG 9
## INSOLVENSIE

9.1 Verduidelik die verloop van verpligte sekwestrasie onder die volgende opskrifte:

9.1.1 Voorlopige sekwestrasiebevel (6)

9.1.2 Diening van ? bevel nisi op skuldenaar (4)

9.1.3 Kennisgewing van sekwestrasie (8)

9.2 Bespreek die uitwerking van ? sekwestrasiebevel op die eiendom van die solvente eggenote / eggenoot. (12)

9.3 Kies die korrekte woord in elk van die volgende gevalle:

9.3.1 Die (meester / kurator) tree op as voorsitter by alle vergaderings van skuldeisers.

9.3.2 Na ontvangs van ? finale sekwestrasiebevel moet die meester dadelik ? (eerste / tweede / algemene) byeenkoms van skuldeisers belê.

9.3.3 Die kennisgewing van die tweede vergadering moet in die (Staatskoerant / Afrikaanse koerant / in ? Engelse koerant) verskyn.

9.3.4 Slegs skuldeisers wat hul vorderings / eise bewys het is geregtig om te stem. Stemme word bereken volgens die (waarde van hulle vorderings / volgens getal stemme).

9.3.5 Na ontvangs van sy (sertifikaat van aanstelling / eksekuteursbrief) moet die kurator sy aanstelling en adres in die Staatskoerant publiseer. (10)

9.4 Voltooi die onderstaande pligte van die kurator:

9.4.1 Die kurator moet in sy kennisgewing van aanstelling alle skuldenare aansê om ________.

9.4.2 Die kurator moet ? bankrekening open ________ ________.

9.4.3 Die kurator moet na die _______ byeenkoms van skuldeisers die insolvente boedel tot geld maak.

9.4.4 Die kurator moet binne ses maande na sy aanstelling ? _____ en _____ vir die opbrengs van die boedel aan die meester voorlê. (10)

**[50]**

**TOTAAL: 300**

**EINDE**